# Rom 14:1-9

**Fokus: Rom 14:5-9**

**Die belangrikheid van Kerk-eenheid en ons hantering van versskille (c)**

**Oktober 2013**

*Ps-vooraf* Ps 123: 1, 2

## Ontmoetingsdiens.

***Votum.***

**"Ons slaan ons oë op na die berge: waar sal ons hulp vandaan kom? Ons hulp is van die HERE wat hemel en aarde gemaak het."**

**Amen**

***Seëngroet***

**Gemeente van ons Here Jesus:**

**"Genade vir julle en vrede van God, onse Vader,**
**en die Here Jesus Christus**
**deur die kragvolle werking van die Heilige Gees"**

**Amen.**

***Lofprysing*** – Ps 42: 1, 4, 7

***Geloofsbelydenis***

## Verootmoediging en Versoeningsdiens.

Ons gaan nou luister na die wet van die HERE soos ons dit vind in Eks 20.

***Psalm na die wet*** – 40: 6

***Gebed om skuldbelydenis en verligting.***

***Psalm na gebed*** – Ps 40: 8

## Woorddiens.

Broers en susters, die Woord van die HERE spreek tot ons uit **Rom 14:1-9**

(sê iets oor reeks uit Romeine 14-15)

***Psalm as antwoord op die Woord na verklaring en toepassing –*** Ps 34: 6

***Ons fokus op*** *vers 5-9****. En ons vertrekpunt is*** Rom 14:5c

***Skrifverklaring***

**Inleiding**

Geliefdes wanneer ***vers 5*** sê:

*"Laat elkeen in sy eie gemoed ten volle oortuig wees"*

dan'sit die derde opdrag in ***vers 1-12***.

*Opmerking*

Die eerste twee kry ons in ***vers 3***:

*"Hy wat eet, moet hom wat nie eet (nie),*

*nie verag nie (dis'ie eerste opdrag);*

***en*** *(die tweede een is:) hy wat nie eet (nie),*

*moet hom wat (alles) eet, nie oordeel nie ..."*

En wanneer ***vers 5*** nou praat van

*"elkeen moet in sy eie gemoed ten volle oortuig wees"*

is ons by die derde opdrag.

En nes'ie eerste twee is hierdie opdrag net so belangrik

vir die hele saak van **eenheid tussen gelowige in Christus**

**en die hantering van ons verskille**.

Dit waaroor'it mos gaan in ***Rom 14-15***.

En daarom gaan ons tema by die verklaring van ***vers 5-9*** wees:

**Paulus se derde opdrag vir die hantering van verskille.**

***Terugblik***

Maar kom ons kyk net gou oorsigtelik

na die eerste twee opdragte in ***vers 3***.

**A.** En die eerste ding wat ons moet onthou

is dat dit opdragte is vir wanneer ons verskille hanteer.

En ons begin altyd om ons verskille te hanteer

deur mekaar aan te neem *soos Christus ons aangeneem het*.

Sê ***vers 1*** en ook ***Rom 15:7***.

*Opmerking*[1]

En nou't ons mos al baie mooi geleer vanuit ***vers 2*** en ***vers 5***

dat hierdie aanneem-van-mekaar grense het.

Daars'ie grens van die genoegsaamheid van Christus

in ons verlossing en vir ons lewe van heiligmaking.

En dan's daar ook die grens van God se skeppingsorde.

En ons gaan nie nou weer daarop ingaan nie.

Maar belangrik is net om te sê

dat as iemand net aanhou

om Christus-alleen vir ons verlossing

en vir ons heiligmaking te verag

en as iemand net aanhou

---

1 Vgl Rom 14,1-2&5.docx

om God se skeppingsorde te verag
dan kan ons nie net aanhou bly aanneem nie.

Nee Paulus sê bv in 1Kor 5:13
*"Verwyder tog dié slegte mens onder julle uit."*
Maar waar ons binne hierdie grense leef
en dan tog verskille het
moet ons hierdie verskille begin hanteer
deur mekaar aan te neem soos Christus ons aan geneem het.

En dan's hierdie opdragte in ***vers 3*** baie belangrik,
want dit help ons om mekaar werklik aan te neem.

***************

**B.** So dis'ie eerste ding
wat ons moet onthou van ***vers 3*** se opdragte.

*Opmerking*
Maar kom ons kyk ook net weer vinnig
wat hierdie twee opdragte van ***vers 3*** inhou
en dis'ie tweede ding wat ons moet onthou van verlede week.

**I** Nou die eerste opdrag
is dat ons mekaar nie moet verag nie.

*Verduidelik*[2]
En dit beteken dat ek nie met 'n aaklige hoogmoed my broeder of suster
wat 'n ander standpunt as ek het moet verkleineer nie.

**II** Aan die ander kant moet ons mekaar nie oordeel nie.

---

2 Vgl Rom 14,3-4.docx

Dis ***vers 3*** se tweede opdrag.

*Verduidelik*[3]

En wanneer jy met hierdie verkeerde oordeel van ***vers 3*** oordeel

dan het jy altyd wette   wat Christus self nêrens gee nie.

En daarmee oordeel jy.    En bevind jy skuldig.

*Voorbeeld*

Dis wat die swakkes in die geloof gedoen het.

Christus het ons in die NT vry gemaak

van die OT-wette oor rein-en-onrein-kos

sodat ons nou alles kan eet.

Maar dan kom die swakkes en hulle oordeel

met hulle eet-net-groente-wet.

Nou dis natuurlik 'n baie erge ding.

Want jy kom stel jou in die plek van Christus

en jy stel jou wette in die plek van Christus sin.

Soos 'n soort Pous.

En dan heers en veroordeel jy.

Dit   terwyl God jou mede-gelowige aangeneem het

soos ***vers 3*** sê.

En jou mede-gelowige nie onder jou heerskappy staan nie

maar alleen onder die Heerskappy van Christus

soos ***vers 4*** sê.

---

3 Vgl Rom 14,3-4.docx

En uiteindelik maak jy met hierdie veroordeling dit net onmoontlik
om mekaar aan te neem.
Jy skeur uiteindelik die kerk uitmekaar.

*Toepassing*

Daarom dat ons bv ook vanuit die Skrif by ***NGB art 32*** bely
dat ouderlinge by die maak van 'n kerkorde
*"tog noukeurig moet oppas
om nie af te wyk van wat Christus, ons enigste Meester,
vir ons ingestel het nie ..."*

Want dis alleen Christus se reëls wat ware eenheid bewaar.
Ons eie reëls verwoes dit.

***Terug by vandag***

Maar goed kom ons gaan nou aan na die 3de opdrag
wat ons in ***vers 5*** kry
waar Paulus sê:
*"Laat elkeen in sy eie gemoed ten volle oortuig wees."*

En soos ons netnou al gesê het gaan ons Tema dan wees:

| **Paulus se derde opdrag vir die hantering van ons verskille** |
|---|

En dan gaan ons stilstaan by
- die opdrag self: Wees elkeen ten volle oortuig.
- en by die maatstaf waarvolgens ons oortuig moet word.
- En ook die belangrikheid van hierdie maatstaf.

*Opmerking*

U sal sien in die Basuin is daar nog twee punte op wat gaan oor
- die gevolge wanneer ons oortuig word in-lyn die regte maatstaf.
- En die dringendheid vir die gebruik daarvan.

Maar die tyd gaan ons inhaal.   So kom ons staan net stil by:

- die opdrag self: Wees elkeen ten volle oortuig.
- en by die maatstaf waarvolgens oortuiging moet gebeur.
- En die belangrikheid van hierdie maatstaf.

***************

**1.** So   kom ons begin dan by Paulus se 3de opdrag
wat ons in **vers 5** kry    waar Paulus sê:
*"Laat elkeen in sy eie gemoed ten volle oortuig wees."*

*Konteks*
En nou moet ons net weer die situasie in die kerk in Rome onthou.
En ons begin onthou as ons raaksien
dat Paulus in ***vers 5*** praat met ***elkeen***.[4]

*Verduidelik*[5]
En wie is hierdie *elkeen*?   Wel    dis *elkeen* in die kerk in Rome.

Dis die sterkes in die geloof
wat die geloofskennis-en-oortuiging het
dat Christus ons vrygemaak het
van die OT rein-en-onrein-kos-wette.

En dat Christus ons met sy verlossingswerk vrygemaak het
van die OT-wette   wat ons beveel
om spesiale feesdae te hou.

En dat ons daarom nou alles kan eet

---

4 εκαστος het die betekenis van 'elkeen' (Baljon bl 285).

5 Vgl Rom 14,1-2&5.docx

en nie meer fees-dae hoef te onderhou nie
soos ***vers 2*** en ***vers 5*** vertel.

Maar hierdie *elkeen* is ook die swakkes in die geloof
wat nog nie die selfde geloofskennis-en-oortuiging het
as die sterkes nie.

**************

**A.** En nou sê Paulus vir hulle almal vir die sterkes en die swakkes
Ja vir *elkeen*:
*"Laat elkeen in sy eie gemoed ten volle oortuig wees."*

*Verduidelik*
En wanneer Paulus sê:
*"Laat elkeen* ***in sy eie gemoed***
hier binne in jou innerlike ek
daardie ek van jou wat vrede moet hê
dat wat ek doen reg is[6]
*ten volle oortuig wees"*
dan sit Paulus met die manier
hoe hy in die Grieks skryf baie klem
op hierdie *eie gemoed* van jou.[7]

****************

So sien u wat sê Paulus in ***vers 5***?

Hy gee 'n opdrag wat sê:
Elkeen moet regtig op sy eie

---

[6] εν τω ιδιω νοι kan ook beteken *volgens* (Greek grammer beyond basics bl 372) die *eie oordeel/besluit* (NIDNTT vol 3 bl 127; TDNT vol 4 bl 959) of: in die *eie innerlike-self/verstaan/gewete* (NIDNTT vol 3 bl 127; Lange se Rom komm bl 418; Ridderbos se Rom komm bl 307).

[7] εν τω ιδιω νοι – In hierdie adjek-konstruk word die adjek beklemtoon (Greek grammer beyond basics bl 306). Die *eie* van 'in die eie verstand' (Baljon bl 647) is dus die belangrike saak hier. Saam met εκαστος lê Paulus met τω ιδιω νοι dus baie klem op die feit dat dit hier gaan om elke christen persoonlik. Die klem word op my as persoon gelê (Greijdanus se Rom komm vol 2 bl 592).

en in jouself   in jou hart   regtig oortuig word.

Dis ‘n opdrag wat sê:   Om ten volle oortuig te wees
is beslis nie iets   wat met jou gaan gebeur
as jy gedruk word deur mense nie.[8]

*Opmerking*
Dis’ie eerste ding van hierdie opdrag.
Elkeen moet ten volle oortuig word.
Hier in jou moet jy oortuig wees    rustig wees.
En jy gaan nie daarby uitkom as mense jou dwing nie.

****************

*Toepassing*
En nou moet ons dit tog raaksien.
Die kerk is nie ‘n plek   waar ons mekaar dwing nie.
Die kerk is nie ‘n slawehuis nie.

Ons Here Jesus het ons uit die slawehuis
van die sonde en Satan kom uit lei.

*Voorbeelde*
Die sterkes mag dus nie met hulle liefdelose hoogmoedige veragting
en spot en groepsdruk
waarvan ***vers 3*** vertel
die swakkes in die geloof dwing   om alles te eet nie.

En die swakkes mag nie met hulle veroordeling die sterkes dwing
om net groente te eet nie
of allerhande dae te begin vier nie.

8 Vgl Wilson se Rom kom  bl 221

Nee! *"Laat elkeen in sy eie gemoed ten volle oortuig wees."*

En so moet dit ook hier by ons wees.
Ons mag mekaar nie dwing nie.

En dis alleen wanneer ons hierdie vryheid gee
dat ons mekaar ook gaan aanneem.

Want dis die resep vir 'n groot geveg
as ons mekaar begin dwing
met bv die liefdeloosheid van die sterkes
of die swakkes se wette wat God nie gee nie.
Nee! *"Laat elkeen in sy eie gemoed ten volle oortuig wees."*

*************

**B.** Maar net hier
kom ons 'n die tweede ding van ***vers 5*** se opdrag.
En dis 'n ontsettende belangrik.

En'it gaan oor wat dit beteken
om *ten volle **oortuig** (te) wees.*

En weet u:
Dit het net mooi niks te doen met hoe ***ek voel*** nie.[9]

*Voorbeeld*
So die swak een in die geloof is ***nie*** ten volle oortuig
as hy sê: 'jong dit ***voel*** darem maar net nie reg
om so alles te eet nie.'

---

[9] Vgl Ridderbos se Rom komm bl 306, 307; Greijdanus se Rom komm vol 2 bl 593; Wilson se Rom komm bl 221; Haldane se Rom komm bl 597; Calvyn se Rom komm bl 497-498

Dis ook nie om ten volle oortuig te wees
as die sterk een in die geloof sê:
'weet julle hierdie nuwe vryheid in Christus
is darem maar wow!
Dit laat my sommer lus ***voel*** om alles te eet.'

*****************

So as Paulus in ***vers 5*** sê:
*"Laat elkeen in sy eie gemoed ten volle oortuig wees"*
dan het dit regtig niks te doen met hoe ***ek voel*** nie.

Hoekom nie? Wel omdat Pauls deur die Gees so leer.

*Verduidelik*
Bv in ***vers 23***.[10]
As u wil kan u u Bybels daar oop maak.
Kyk, Paulus sê daar:
*"hy wat **twyfel** as hy eet, is veroordeel,*
*omdat dit **nie uit die geloof is nie**."*

*Opmerking*
Nou as ons by ***vers 23*** kom
sal ons nog in meer detail daarop ingaan.

Maar vir nou'sit belangrik om raak te sien
dat as jy twyfel oor of iets reg is
dan twyfel jy omdat jy nie *uit die geloof* optree nie.

Aan die anderkant:

[10] Vgl Greijdanus se Rom komm vol 2 bl 592

As jy seker[11] is of as jy ten volle oortuig is
dan'sit nie omdat jy so voel nie.

Nee! In ***vers 23*** leer Paulus ons
dat jy ten volle oortuig raak ***uit die geloof***.

***************

Hoekom?
Wel omdat die Heilige Gees ons
deur die geloof aan Christus bind.
Paulus leer daaroor in Rom 6.

En by Christus leer ons wat Christus se wil is.

*Bewys*
Christus self sê dit vir ons in Mat 11:28-29.
Hy roep ons en dan sê Hy:
*"Kom na My toe, almal wat vermoeid en belas is,*
*en Ek sal julle rus gee.*
*Neem my juk op julle* ***en leer van My*** *..."*

Sien u dit?
Wanneer ons deur die geloof by Christus kom
leer ons ook by Christus.

Ja by Christus neem ons toe in geloofskennis.
En dis uit hierdie geloofskennis dat daar oortuiging kom.
Ja geloofskennis wat ons by Christus kry
vat twyfel weg en laat my leef met geloofs***oortuiging***.

[11] Πληροφορεισθω – praes imperat med/pas 3de ev van πληροφορέω met die betekenis van 'laat elkeen oortuig wees/ word' of 'ten volle oortuig wees' of 'vas oortuig wees' of 'ten volle verseker'. Dit is die teenoorgestelde van twyfel (Baljon bl 788-789; Greijdanus se Rom komm vol 2 bl 592; Jonker se Rom komm bl 75)

*************

*Toepassing*[12]

En weet u:

Net hier is 'n baie belangrike toepassing.

Ja wanneer Paulus in ***vers 5*** sê*:*

*"Laat elkeen in sy eie gemoed ten volle oortuig wees"*

dan sê hy:

'julle mag mekaar se gewetens nie dwing in liefdeloosheid

en met wette wat die Here nie gegee het nie.'

Maar hy sê ook vir elkeen ook vir ons:

'Gaan doen baie ernstige selfondersoek.'

**I** Want hoekom swakkes in die geloof eet julle net groente?

Omdat julle so voel?

Of omdat julle uit die geloof oortuig is?

**II** En julle sterkes? Hoekom eet julle alles?

Is'it omdat dit vir julle reg voel?

Of is julle waarlik uit die geloof oortuig?

**III** En ons geliefdes?

Weet u: Wanneer ek myself ondersoek

dan kom ek agter dat ek so baie maal ***voel***

in plaas daarvan

dat ek ***deur die geloof*** by Jesus toeneem

in geloofskennis-en-oortuiging vanuit Jesus se Woord.

12 Vgl voetnoot 9.

En weet u watter ontsaglike krisisse maak dit?
Want as ek ten volle oortuig word ***uit my gevoel***
en nie ***uit die geloof*** nie
dan's ek nie by Jesus nie.
Want gevoelens bring ons nie by Jesus nie.
Dis alleen deur die geloof dat ek by Jesus kom.

En as ek daarmee aanhou dan staan ek uiteindelik
deur God veroordeeld soos ***vers 23*** leer.

*************

*Oorgang*

So geliefdes as Paulus in ***vers 5*** sê:
*"Laat elkeen in sy eie gemoed ten volle oortuig wees"*
dan sê hy:
'julle mag mekaar se gewetens nie bind
in liefdeloosheid en met wette
wat die Here nie gegee het nie.'
Maar hy sê ook:
'Ten-volle-oortuig-wees het net mooi niks te doen met
hoe ***ek*** oor iets ***voel*** nie.'
Nee! Ten-volle-oortuig-wees
gaan alles oor ware geloof in Jesus.
En om deur die geloof by Jesus te wees.
En om by Jesus in geloofskennis-en-oortuiging toe te neem.
En so ten volle oortuig te word.

**2.** En presies hieroor leer ons meer
as ons van ***vers 5*** na ***vers 6-8***[13] gaan.
En dis ons tweede punt waar'it gaan

[13] Vgl Wilson se Rom komm bl 221; Haldane se Rom komm bl 597; Jonker se Rom komm bl 181

oor **die maatstaf waarvolgens ons oortuig moet word**.

**A.** Want kyk wat sê Paulus in ***vers 6***.
Hy sê wat die swakkes en die sterkes in die kerk in Rome
se hartgesindheid behoort te wees[14]
as hulle besluit oor *kos* en *dae*.

*Verduidelik*
Want kyk wat sê Paulus in ***vers 6***:
*"Hy wat die dag waarneem,*
*(behoort) dit waar (te) neem* ***tot eer van die Here***
Of meer letterlik: vir die HERE[15]
*en hy wat die dag nie waarneem nie,*
*(behoort) dit nie waar (te) neem nie* ***vir die Here****;*
*en wie eet, (behoort te) eet* ***vir die Here*** *...*
*en wie nie eet nie,*
*(behoort nie te) eet nie* ***vir die Here*** *..."*

Sien u Wie moet in die middelpunt staan
as die swakkes en die sterkes besluit oor *kos* en *dae*?
Is dit ***ek*** en hoe ek ***voel***?

Nee! ***Vers 6*** praat elke keer van ***vir die Here***.

---

[14] ζη = praes ind akt van ζάω met die betekenis van 'hy/sy lewe' (Baljon bl 403) – so is dit ook met φρονει en εσθιει van vers 6. Die praes kan hier dui hier op:

- 'n toestand in die hede (Binnewerk bl 6). Daar heers dus die wonderlike toestand in die kerk in Rome dat die kinders van God nie selfgesentreerd leef nie maar vir die Here.
- '**n algemene waarheid wat veronderstel is om te geld** (Binnewerk bl 7).
- ***Gevolgtrek:*** Ek meen nogal dat lg die betekenis hier is. Paulus verduidelik (γαρ) wat hy in **vers 6** gesê het verder deur te wys op die altyd geldende norm wat moet geld in die kerk van die Here. Ons optrede moet nie voortvloei uit self-gesentreerdheid nie maar Christus-gesentreerdheid. **Dit is die norm vir hoe ek ten volle oortuig kan wees** (vgl Ridderbos se Rom komm bl 307; Jonker se Rom komm bl 181; Calvyn se Rom komm bl 497-498).

[15] κυριω – Ek meen, vanuit die konteks, dat die datief hier (en in **6b, 6c en 6e**) 'n datief van bevoordeelde Persoon is (Greek grammer beyond basics bl 142-143, Moo se Rom komm bl 843 voetnoot 78). ***Dus:*** 'vir die Here' of 'tot eer van die Here' (Moo se Rom komm bl 843; Ridderbos se Rom komm bl 307).

Of: in diens van die Here.[16]

Of: tot eer van die Here.

*Opmerking*

En die Here is hier niemand anders nie as Jesus Christus.[17]

So sien u?

In die swakkes en die sterkes se besluite oor kos en dae

mag dit nie gaan oor ***ek*** en hoe ek ***voel*** nie.

***Ek*** is nie die maatstaf nie.

Nee! Dit moet die ***Here Christus*** wees.

***************

**B.** Hoekom? Wel dit hoor ons

as ons van ***vers 6*** na ***vers 7-8*** gaan

en Paulus daar sê:

*"Want niemand van ons leef **vir homself** nie*

*en niemand sterf **vir homself** nie.*

*Want as ons lewe, leef ons **vir die Here**;*

*en as ons sterwe, sterf ons **vir die Here** …"*

Ja so moet[18] dit wees.

*Verduidelik*

Die Here moenie net vir sterkes en die swakkes sentraal staan

wanneer hulle besluit oor *dae* en *kos* nie.

Nee! So moet dit wees in hulle hele lewe.

Of hulle nou leef of sterf ja in hulle ganse[19] lewe

---

16 Vgl ook NIDNTT vol 2 bl 514

17 Na wie verwys κύριος (Here) hier? Die gebruik van κύριος loop deur **vers 7-8** na **vers 9** waar van χριστος melding gemaak word. ***Dus,*** in die konteks verswys κύριος hier na Christus (vgl Moo se Rom komm bl 843 voetnoot 78).

18 Sien voetnoot 14

mag dit net nooit meer oor jouself gaan nie.

Nee! In lewe en in sterwe moet ons onsself
totaal-en al oorgee aan die Here.

**************

*Toepassing*[20]

So in my ganse lewe moet ek radikaal ophou
om selfgesentreerd te wees.
***Ek*** en hoe ek ***voel*** is nie meer
waaroor dit in my lewe gaan nie.

***Ek*** en my ***gevoel*** mag net nooit meer die maatstaf wees
van hoe ek *ten volle oortuig raak* nie.

Nee!
In lewe en in sterwe moet ek al meer Christusgesentreerd word.
In my hele lewe moet alles vir my gaan om:
Vir die Here vir Christus en tot sy eer.
Ja die Here Christus moet die maatstaf wees
van hoe ek *ten volle oortuig word*.

***************

**C.** En hoekom? Wel omdat[21] die laaste deel van ***vers 8*** sê:

---

19 ζη sien hier op my totale lewe en alles wat ek in my lewe doen. Saam met αποθνησκει van **7b** word my totale ek omvat ... ook my eet en drink ... Dit is ook die doel van ζη en αποθνησκει in **vers 8a-d**. Negatief word dan hier in **vers 7a-b** gesê dat niks daarvan meer tot voordeel van myself en op myself gerig is nie (Greijdanus se Rom komm vol 2 bl 594; Moo se Rom komm bl 844; Ridderbos se Rom komm bl 307-308).

20 Ek het reeds by **vers 6** gelsien dat die datief van τω κυριω 'n datief van bevoordeelde persoon is. Wat ek verder leer vanuit die betekenis van κύριος is dat Christus as κύριος totale gesag oor my ganse lewe het (NIDNTT vol 2 bl 508; Calvyn se Rom komm bl 499). Daarom het εαν τε γαρ ζωμεν τω κυριω ζωμεν εαν τε αποθνησκωμεν τω κυριω αποθνησκομεν (**8a-d**) ook die betekenis dat my totale lewe, ja, net mooi alles van my lewe, nie in diens van my self staan nie, maar, met die erkenning dat Christus my Here is, onderwerp ek my aan Hom en dien ek Hom met my hele lewe (NIDNTT vol 2 bl 514). Dit moet dan ook bepaal wat ek eet en watter dae ek hou ens. Vgl ook Greijdanus se Rom komm vol 2 bl 594; Moo se Rom komm bl 844

21 εαν τε ουν ζωμεν ... Met ουν word **8a-d** saamgevat (Greek grammer beyons basics bl 673; Moo se Rom komm bl 844). Tog word nou gesê dat ons *aan die Here behoort* – του κυριου εσμεν. Tevore is gesê dat ons *vir die Here lewe en sterwe*. Is

*"of ons dan lewe en of ons sterwe,*
*ons behoort[22] aan die Here."*

*Verduidelik[23]*
En as ons aan die Here behoort
dan beteken'it Hy's ons Koning.
En ons is sy onderdane   sy knegte   sy dienaars.
Want dis hoekom Christus sy gelowiges verlos het.

*Openbaringshistories*
Hy het ons bevry uit die slawerny van Satan en Sonde.
Daar waar ons Satan se leuen van Gen 3:5 geglo het.

Die leuen   wat sê   dat ons soos God kan wees.
En kan maak soos ***ek*** wil
sodat alles in my lewe kan gaan oor ***ek*** en hoe ek ***voel*** .
Terwyl ons eintlik in die skrikwekkendste slawerny afstorm op die hel.

Ja   Christus het ons uit hierdie slawerny bevry
om aan Hom alleen te behoort
sodat Hy ons Here kan wees   en ons sy knegte.

Terwyl Hy met Mat 11:29 vir ons sê:
*"Neem my juk op julle en* ***leer*** *van My,*
*want Ek is sagmoedig en nederig van hart,*
*en julle sal rus vind vir julle siele;*

---

dit dat ek nou gevolgtrekkend (Greek grammer beyons basics bl 673) uit die feit dat ons vir die Here lewe en sterwe ook moet sê dat ons daarom aan die Here behoort? Ja! Wanneer ons vir Hom lewe behoort ons ook aan Hom ... Of anders gestel: Omdat ons aan Hom behoort leef en sterf ons ook vir Hom – vgl **Sondag 1 v/a 1** (vgl ook Moo se Rom komm bl 844; Greijdanus se Rom kommvol 2 bl 595-596; Jonker se Rom komm bl 181).

22 εσμεν + gen wys dat ons aan die Here behoort. Ons is sy eiendom (Baljon bl 273; Greijdanus se Rom komm vol 2 bl 595).

23 Vgl NIDNTT vol 3 bl 589, 596, 597

***want my juk is sag en my las is lig**."*

*************

*Toepassing*[24]

En dan?

Wel dan is ***ek*** en my ***gevoel***

nie meer die middelpunt van my lewe nie.

Nee! Christus my Here is.

En soos Paulus

net nadat Christus hom op die pad na Damaskus bekeer het

vra ek ook nou:

*"Here, wat wil **U** hê moet ek doen?"*[25]

***************

En as ons Here dan in Mat 15:9 sê:

*"tevergeefs **vereer** hulle My deur leringe te leer*

*wat gebooie van mense is"*?

**I** Wel dan doen die swakkes selfondersoek.

Biddend vra hulle by 'n oop Bybel:

'Here is dit regtig u wil dat ons net groente moet eet.

Here lei ons om die volheid van U verlossingswerk

en die vryheid wat U gebring het te verstaan.'

**II** En ook die sterkes. Biddend by 'n oop Bybel vra hulle:

'Here, wat beteken die vryheid wat u vir ons gebring het.

En hoe moet ons dit uitleef

---

[24] Wanneer ek dan as dienskneg aan die Here behoort, beteken τω κυριω om totaal lojaal te wees, aan die Here onderworpe, gehoorsaam, verantwoordelik aan Hom, Ek moet vra: Wat is U wil Here? Op lg lê Calvyn se Komm bl 499 baie klem – Wanneer ek aan die Here behoort en vir Hom moet lewe as sy dienskneg ... dan moet ek Hom ook die soos Hy beveel. Sy Woord moet die standaard wees vir my lewe vir Hom. Dit bring my by die waarheid van **Sondag 33 v/a 91** (NIDNTT vol 3 bl 596; Haldane se Rom komm bl 599; Calvyn se Rom komm bl 499; Berkhof, Systematic theology, bl 583)

[25] Hand 9:6

teenoor ons swakker broeders en susters?'

**III** En ons   met ons verskille?

Wel   dit mag nooit anders wees nie.

As ***ek*** en my ***gevoel*** nie meer die maatstaf mag wees nie.

As my hele lewe nou ***vir die Here*** moet wees

omdat ek aan Hom behoort

dan moet ons by die voete van Christus bid:

*"Here, wat wil **U** hê moet ek doen?"*

En dan moet ons biddend begin Bybelstudie doen.

****************

En weet u wat?

En dan gaan ek my eie wil begin prys gee.

Ek gaan myself verloën   meer en meer.

En ek gaan sê:   'Here ons behoort aan U.

Wys ons in u Woord u wil.'

En dan gaan ons almal in eenheid nader aan mekaar begin leef.

***************

**3.** En weet u:   Dis so ontsaglik belangrik

dat dit in ons lewens moet gebeur.

En dis ons laaste punt:

**Hierdie ontsaglike belangrikheid**

**dat ons Here en sy wil en Woord ons maatstaf word**

vir hoe ons ten volle oortuig word.

En ons sien'it as ons van ***vers 6-8*** na ***vers 9*** gaan
waar Paulus sê: *"Want hiervoor (of: vir hierdie doel*[26]*)*
*het Christus ook gesterwe en opgestaan en weer lewend geword,*
*om oor dode sowel as lewende te heers (of: hulle Here te wees*[27]*)."*

*Verduidelik*
En as Paulus hier praat gee hy die rede[28]
vir waarom hy in ***vers 8*** gesê het:
*"of ons dan lewe en of ons sterwe,*
*ons behoort aan die Here."*

Dis omdat Christus *gesterwe en opgestaan en weer lewend geword*
sê Paulus in ***vers 9***.

En dis niks anders as waarvan die apostel Petrus praat
as hy in 1Pet 1:18-19 sê dat ons moet weet
*"dat (ons) nie deur verganklike dinge, silwer of goud,*
*losgekoop is uit (ons) ydele lewenswandel ... nie,*
*maar deur die kosbare bloed van Christus ..."*[29]

Sodat ons nou aan Christus kan behoort.
En Christus nou en hier ons Here is
en nou en hier oor ons heers.[30]

---

[26] εις τουτο - εις is hier doelaanduidend. Dit wys op die doel van Christus se sterwe opstanding en lewe (Greek grammer beyond basics bl 369).

[27] κυριευση het die betekenis van 'Hy as Koning/Here kan heers'. Of: 'Hy Here kan wees' (Baljon bl 546; TDNT vol 3 bl 1097; NIDNTT vol 2 bl 510,518).

[28] εις τουτο γαρ – γαρ lei hier 'n sin in wat vir my wys op die rede waarom ons vir die Here leef en aan Hom behoort – en my ten-volle-oortuig-wees darom totaal Christus-gesentreerd moet wees (vgl ook Greidanus se Rom komm bl 596; Wilson se Rom komm bl 222).

[29] Vgl Wilson se Rom komm bl 222; Berkhof, systematic theology bl 407, 582; Calvyn se Rom komm bl 500.

[30] Vgl sondag b13 v/a 34

En dit doen Christus deur sy Gees.

*Bewys*

Want in Rom 8:9 sê Paulus

dat as ons aan Christus behoort die Heilige Gees ook in ons is.

***************

En is dit nie wonderlik nie![31]

Ons Here is nie 'n baas

wat van buite af op ons skreeu

om sy wil te doen nie.

Hy hou ook nie aan om ons van buite af bang te maak

totdat ons 'n lewe vir Hom begin leef nie.

Nee! Christus het *"gesterwe en opgestaan en weer lewend geword ..."*

Ja Hy het 'n almagtige verlossingswerk kom doen.

Met sy bloed het hy ons gekoop.

En met sy Gees is Hy nou *Here* ***in ons***.

En deur sy Gees *"maak Hy my van harte gewillig en bereid*

*om voortaan vir Hom te lewe."*[32]

Sodat die maatstaf van

hoe ek ten volle oortuig word nie meer ***ek*** en my ***gevoel*** is nie.

Maar my ***Here*** en ***sy Woord en Wil***.

**************

*Selfondersoek*

Maar net hier

31 Sondag 12 v/a 31; Aondag 19 v/a 51; Vgl ook Berkhof, Systematic theology bl 406-407

32 Sondag 1 v/a 1

moet hierdie woord ook baie ernstig met ons praat.

Want hierdie Woord bring ons by die vraag:
Is Christus die Here van ***my*** lewe?
Is Christus in ons deur sy Gees?
Behoort ons waarlik aan die Here?
Is ek en u gekoop met sy bloed?

Is ons geliefdes?

Of is ek nog baas
terwyl ***my wil*** en ***my gevoel*** nog oor my heers
en die maatstaf is vir hoe ek ten volle oortuig word?

*************

**Slot**

Weet u:
Wanneer ons vandag hierdie geïnspireerde Woord van Paulus hoor
as hy in ***vers 5*** sê:
*"Laat elkeen in sy eie gemoed ten volle oortuig wees."*

En in ***vers 7-8*** sê:
*"niemand van ons leef vir homself nie*
*en niemand sterf vir homself nie.*

*Want as ons lewe, leef ons tot eer van die Here;*
*en as ons sterwe, sterf ons tot eer van die Here;*
*of ons dan lewe en of ons sterwe, ons behoort aan die Here."*

En met hierdie Woord die maatstaf gee
vir hoe ek in my eie gemoed ten volle oortuig word.

En ek dan my eie sondigheid van selfgesentreerdheid besef
en in die gebed na Christus vlug.
En by Hom alleen verlossing en vergifnis soek.
En by Hom alleen heiligmaking soek

ja   by Jesus alleen die voortdurende bevryding
van eie skrikwekkende eie-ek soek
dan kan ek ook weet:
  Christus het ook my Here geword.
  Met sy bloed het hy ook vir my gekoop.

  En met sy Gees *"maak Hy (ook vir) my van harte gewillig en bereid om voortaan vir Hom te lewe."*

Sodat Hy 'n kerk kan hê
wat mekaar aanneem soos Hy ons aangeneem het
en dan saam oortuig word en verenig word in sy Wil
en nie in eiewilligheid uit mekaar bars nie.
**Amen.**

## Antwoorddiens

***Psalm as antwoord op die Woord* –** Ps   34: 6

***Gebed***

***Barmhartigheidsdiens***

| | | | |
|---|---|---|---|
| Psalm tydens kollekte | : | Ps | 30: 1, 2, 3, 8 |
| Slotpsalm | : | Ps | 75: 1, 2, 4 |

**Wegstuurseën.**

Ontvang nou die seën van die HERE en gaan in vrede.

**"Die genade van die Here Jesus Christus**

**en die liefde van God**

**en die gemeenskap van die Heilige Gees**

**sy met julle almal!**

**Amen.**